BIOBRANDSTOF SAL NIE TE MIN KOS BETEKEN

Die nuusberig "Kry regulasies nóú gereed" (*LBW*, 24 Januarie) en veral die sin "Dit is regeringsbeleid dat slegs onontwikkelde grond gebruik word om grondstowwe vir biobrandstof, soos sorghum, te produseer", het betrekking.

Volgens Tabel 4 op bladsy 26 van die *Staatskoerant* van 15 Januarie oor wat vereis word van 'n vervaardiger van biobrandstof om in aanmerking te kom vir regeringsubsidies, is daar 'n verbod op kommersiële boerderye om tans produktiewe grond om te skakel na lande vir die produksie van biobrandstofgrondstowwe.

Indien dit só deurgevoer word, sal hierdie verbod biobrandstofvervaardigers en kommersiële boere grootliks benadeel. Vir boere om hul voortbestaan te verseker, is die neiging juis om sover moontlik van wisselbou (ook as deel van bewaringsbewerking) gebruik te maak. Kommersiële boere moet ook die keuse kan uitoefen en verseker wees van 'n afset om in sommige jare byvoorbeeld sorghum te kan plant wanneer toestande weens hoë produksiekoste en lae reënval minder gunstig is vir mielieproduksie.

Een van die twee verwagte belangrikste vervaardigers van biobrandstof sal kanola as grondstof vir biodiesel benodig. Hierdie 500 000 ha kanola, met aansienlik beter winsmoontlikhede vir boere, is ook 'n uitstekende wisselbougewas wat opvolggewasse, soos mielies, koring en sorghum, se opbrengs verhoog. Juis om hierdie rede (hoër mielie- en koringopbrengste), asook aangesien die neweprodukte van die grondstowwe as voer vir die verskaffing van voedsel gebruik word, is dit soos Mabele Foods tereg sê: "Die vervaardiging van biobrandstof sal nie voedselsekerheid in die gedrang bring nie."

Kanola is grotendeels 'n wintergewas waarna boere in somerreëngebiede soek nadat winter-/lentekoring onproduktief geraak het. Dit kan in wisselbou met kanola weer winsgewend raak.

Mnr. Robin Cloete van die plaas Navar provinsie. FOTO: THEUNS BOTHA

Veral gedurende die beginjare van produksie, voordat voldoende grondstowwe vanaf voorheen benadeelde of opkomende boere verkry kan word, kan die algehele verbod om grondstowwe van kommersiële boere te verkry, ernstige tekorte en gevolge vir biobrandstofvervaardigers inhou.

PETRUS FOUCHÉ
Strand

SA KAN NOOD HELP VERLIG

Dit is oor die wêreld heen bekend dat Suid-Afrika die "spens van Afrika" is. Met die groot werkloosheidsyfer plaaslik en die geweldige hongersnood in talle Afrika-lande het ons in Suid-Afrika 'n gulde geleentheid met betrekking tot die verligting van bovermelde probleme.

Deur onderhandelings en ooreenkomste aan te gaan met regerings van sodanige lande, kan Suid-Afrika 'n enorme bydrae lewer met die uitvoer van vars produkte, soos groente, vrugte en vleis, en dan ook mieliemeel en verwerkte voedsel. Verskeie mense en instansies, waaronder die Regering, opkomende en bestaansboere en die vervoerbedryf, sal baat vind by sodanige projek. Heelwat werkloses kan ook werk kry om produksie te verhoog. Ons